N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Beste Lidmaat

Nuusbrief: N.G. Oudtshoorn-Welgeluk: 22 Maart 2020.

Beste Lidmaat

Hieronder is die besonderhede van Sondag se Erediens en ander algemene inligting.

Soos gedurende die week aan u gekommunikeer is daar besluit, dat gegewe die Korona-virus pandemie, daar geen formele eredienste by N.G. Oudtshoorn-Welgeluk sal wees, tot ten minste na die Paasnaweek nie, soos deur wetgewing vereis.

Die eredienste sal wel vooraf opgeneem word en sal op
You tube, Soundcloud en Facebook gelaai word en benewens dit sal u elke Vrydag die betrokke skakels na die opnames v.d. eredienste via e-pos, en/of whatsapp ontvang

Die erediens van 22 Maart 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

https://youtu.be/uPRtTrUK5SQ

Facebook live

https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/539940749832304/

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

en net vir die klankbaan op “Soundcloud”

https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-erediens-22-maart-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk?fbclid=IwAR2cJyOSMD_1m-cqkCMreL3IQ5zbR5EyU5MqqHhxEdpQOnsXa7Qp6ctWsOo

Besonderhede van die erediens is soos volg:

Erediens op Youtube: 22 Maart 2020
Prediker: Ds. Andries Potgieter
Teks: Kol. 4:2-6
Tema: Wat vra God van ons in die tyd?

2. Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar

3. en bid tegelykertyd ook vir ons. Bid dat God vir ons 'n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig waarvoor ek hier gevange sit.

4. Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is.

5. Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid.

6. Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.

Ander inligting is soos volg:

Lief en Leed

Baie geluk aan ons sewentigplussers wat in die weke verjaar:

Danie le Roux	25 Maart 2020
Rudolf Bothma	25 Maart 2020
Ria Neuwenysch	26 Maart 2020
Isa Robertson	27 Maart 2020
Doreen Coetzee	29 Maart 2020
Stefaans Ferreira	29 Maart 2020

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:

- Deon Jacobs van Theronstraat 8;
- Flip Fourie van Oudtshoorn Aftreeoord 16;
- Pikkie Bouwer van Raubenheimerrylaan 19;
- Ina du Plessis van Parkweg 54;

Ons bid vir die volgende sake:-

- uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
- in die besonder die korona-virus pandemie.
- moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië.

Neem asb. kennis dat daar a.g.v. die Korona-virus pandemie daar geen formele eredienste sal wees tot ten minste na die Paasnaweek nie. Eredienste sal wel beskikbaar wees op ons sosiale- media platforms en ook per e-pos versprei en whatsapp versprei word.

Ons Webtuiste en Facebookblad!

Die skakels is:

http://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za/

https://www.facebook.com/NgGemeenteWelgelukOudtshoorn.

U word ook vriendelik uitgenooi om ons eie webtuiste asook Facebook blad te besoek deur op bogenoemde volgende skakels te "click".

Dit is nie ‘n vereiste om ‘n Facebook lid te wees om toegang tot die blaaie te verkry nie!! Toeganklik vir ‘n ieder en elk!! U is ook welkom om u vriende na die blaaie te nooi.

Om maklik op Oudtshoorn-Welgeluk se webtuiste uit te kom of om na vorige preke te kyk. "Click" net op die "kom meer te wete" blokkie bo aan die Facebook blad en u sal na ons webtuiste geneem word. Vorige eredienste kan daar onder media by video's gesien word. Daar is al meer as een honderd preke daar op rekord.

Voorstelle en kommentaar op die blaaie, asook die nuusbrief is welkom. Dit kan gedoen word deur net op die E-pos te antwoord.

Dit staan u ook vry om die e-pos na u e-pos kontakte of vriende en familie aan te stuur.

Sou u vir die een of ander rede nie die weeklikse nuusbrief elektronies wil ontvang nie, kan u die kerkkantoor met so ‘n versoek e-pos, by ngwelgeluk@telkomsa.net waarna u naam van die e-pos verspreidingslys verwyder sal word.

Welgeluk Groete !

Andries Potgieter
084 514 2178